# Doeltreffende Energie verbruik

| Skyfie | Indeks |
|---|---|
| 1 | Inleiding |
| 2, 3 | Doeltreffende Energie Verbruik |
| 4 | Hibriede Motors |
| 5 | Passiewe Sonkrag |
| 6 | Herwin en Hergebruik |

**Skyfie 2:** ***Doeltreffende energie verbruik: Wat kan ek doen?***

*Beligting in woonhuise:*

- ESKOM het 'n inisiatief geloods wat mense toelaat om ou gloeilampe in te ruil vir energiebesparende kompakte fluoresserende gloeilampe (CFL's).
- Tydens die vorige inisiatief in KZN het die nuwe gloeilampe soveel as 131 MW tydens spitstye bespaar – genoeg elektrisiteit om sowat 81 875 gemiddelde huishoudings van krag te voorsien!
- Omdat dit 'n fluoresserende lamp is, bevat dit egter 'n klein hoeveelheid kwik, wat toksies is.
- Woolworths en Pick n Pay het spesiaal ontwerpte houers waar jy van jou ou, gebruikte CFL's ontslae kan raak.

*Sonverhitting*

- Eskom bied 'n afslag op sonkrag-waterverhittingsisteme.
- Deur sy sonkrag-afslagprogram bied Eskom huiseienaars 'n afslag van 15 tot 20 persent op die installeringskoste van sonkrag-waterverhittingsisteme.
- Huiseienaars kan nou tussen R1 860 en R4 900 bespaar op die koste van 'n sonverhittingsisteem met 'n totale koste van R14 000 tot R33 000.
- Die sonkrag-afslagprogram is enersyds ontwikkel om te verseker dat verbruikers hul sisteem teen 'n afslagprys bekom, en andersyds om te verseker dat mense goeie gehalte verhittingsisteme koop.
- Danksy Eskom se sonkrag-afslagprogram kan verbruikers sonverhittingsisteme by goedgekeurde verskaffers koop en 'n gedeelte van die koste terugeis – 'n manier om die gebruik van hernubare energie te bevorder.

**Skyfie 3:** ***Energiedoeltreffende huishoudelike toestelle***

- Meeste moderne toestelle, van motors tot ketels, is baie meer energiedoeltreffend as ouer toestelle.
- Huishoudelike toestelle soos yskaste, wasmasjiene en televisiestelle gebruik baie energie.
- Energiedoeltreffende toestelle word ontwerp om so min as moontlik energie te vermors.
- 'n Energiedoeltreffende yskas sal byvoorbeeld baie minder geraas maak, geen ys aan die binnekant of kondensasie aan die buitekant hê nie, waarskynlik langer hou, en minder elektrisiteit gebruik.
- Energiedoeltreffende toestelle beteken dus in werklikheid: 'meer met minder'.

**Skyfie 4:** ***Energiedoeltreffende voertuie: Toyota Prius***

- Een van die skoonste en mees energiedoeltreffende motorkarre wat vandag gemaak word, is die Toyota Prius.
- Hierdie hibriede motor het 'n battery-aangedrewe elektriese motor sowel as 'n petrolenjin.
- Teen lae snelhede word hy deur die elektriese motor aangedryf.
- Teen hoër snelhede neem die petrolenjin oor en word die battery herlaai.
- Lae brandstofverbruik.
- Lae $CO_2$ vrystelling.

**Skyfie 5:** ***Passiewe sonkrag***

- Hierdie energie word gebruik vir die verhitting van geboue in die winter, en lugverkoeling in die somer.
- Geboue kan ontwerp word om in die winter energie binne te hou, en in die somer hitte buite te hou.
- Energie kan binne gehou word deur huise en geboue te isoleer.
- 'n Goed geïsoleerde huis sal in die winter warmer en in die somer koeler wees en 'n gesonder leefomgewing skep.

**Skyfie 6:** ***Herbenutting en herwinning: Stop die verkwisting van energie***

- Alles wat ons gebruik, moes iewers vervaardig word.
- Groot hoeveelhede energie word tydens hierdie vervaardigingsproses gebruik.
- As ons goed ná gebruik weggooi, word al daardie energie vermors.
- Ons kan energie bespaar deur goed te herbenut en te herwin.

**Skyfie 7:** ***Slotsom***

- 'Die wêreld sal nie die huidige krisistoestand te bowe kan kom as dieselfde denkpatrone gevolg word wat in die eerste plek vir die toestand verantwoordelik was nie.'
  *Albert Einstein*

- Ons moet begin beplan om eerder hernubare energiebronne te gebruik.